



Méér as 'n veldtog nodig



Aktueel
Marianne Strydom

Dis vandeeweek weer Nasionale Kinderbeskermingsweek, 'n inisiatief wat die minister van maatskaplike ontwikkeling in 1997 begin het ter bevordering van die regte van ons land se kinders.

Die doel is om gemeenskappe bewus te maak van die noodsaaklikheid om kinders te beskerm teen enige vorm van mishandeling en verwaarloosing, geweld en uitbuiting.

Kinders se regte word in die Grondwet uiteengesit in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se Konvensies oor die Regte van die Kind. In al dié dokumente is die uitgangspunte dieselfde, naamlik dat die regte van kinders in stand gehou en bevorder word en dat veral kinders bewus gemaak word van hul regte, wat die reg tot beskerming insluit. Maar die blote bewusmaking van dié regte beteken nie dat dit sal realiseer nie.

Kinderregte kan net gehandhaaf word as die kind se reg vooropgestel word in enige besluite wat oor hulle geneem word. Strukture is ook nodig om dié regte in die samelewing te bevorder en te beskerm. Die werklikheid in ons land is dat die toepassing van kinderregte nie noodwendig sentraal staan in die besluite wat oor hulle geneem word en die optrede wat hulle raak nie.

Suid-Afrika het die Konvensie vir die Regte van die Kind onderteken wat veral op vier beginsels berus.

Twee daarvan, naamlik die reg tot oorlewing en die reg tot beskerming, is belangrik vir ons plaaslike konteks. Die reg tot oorlewing hou



Dit help om kinders bewus te maak van hul regte, maar dit help nie as daar nie doeltreffende strukture is om hul regte te steun of as politici besluite oor kinders neem sonder om die kind sentraal in so 'n besluit te plaas nie. Foto: ISTOCK

sterk verband met die reg tot voeding, wat as 'n konstitusionele reg van die kind in art. 28 van ons Grondwet vervat is. Die reg tot voeding is wel selfs vóór die Covid-19-pandemie nie altyd in stand gehou nie. In 2019 het die Nelson Mandela-kinderfonds byvoorbeeld bevind dat 14% van kinders in Suid-Afrika elke aand honger gaan slaap, dus sowat 2,5 miljoen kinders.

Hoewel dié reg deur die staat in stand gehou moet word, het daar veral ten tyde van die Covid-19-pandemie ernstige vrae ontstaan oor hoe die regering die toepassing daarvan, asook sy erns daarmee, verstaan. Saam met die sluiting van die skole is skoolvoedingsprogram-

me onmiddellik in sommige provinsies gestaak, klaarblyklik sonder enige oorweging van die kind se reg tot basiese voeding. Dit het meegebring dat sowat 9 miljoen van die land se 18 miljoen kinders nie hul daaglikse maaltyd ontvang het nie.

Terselfdertyd het die regering se inisiatief om kospakkies aan behoeftige gesinne te voorsien ernstige tekortkominge gehad deurdat dit nie altyd uitgekóm het by die huisgesinne, en veral die kinders, wat dit nodig gehad het nie. Die gevolgtrekking is dat besluite geneem is sonder om die moontlike skending van die kind se reg tot basiese voeding in ag te neem.

Die tweede beginsel wat belang-

rik is – die kind se reg tot beskerming – word ingevolge art. 19 van die konvensie gedefinieer as beskerming teen geweld, uitbuiting, mishandeling en verwaarloosing. Dit is spesifiek die rede vir Nasionale Kinderbeskermingsweek.

In Suid-Afrika word kinderbeskerming gesien as 'n grondwetlike reg ingevolge art. 28. Gelyk daaraan staan die konstitusionele reg van kinders om maatskaplike dienste te ontvang indien hul reg tot beskerming en alternatiewe sorg bedreig word of as hul voogde nie in staat is om die nodige beskerming te bied nie.

Dié kinderbeskermingsdienste word veral gelewer deur die depar-

tement van maatskaplike dienste in samewerking met nieregeringsorganisasies. Ingevolge die Kinderwet lewer veral kinder- en gesinsorgorganisasies se maatskaplike werkers dié dienste, wat daarop gerig is om die kind se veiligheid te verseker deur, waar moontlik, die gesin te versterk. Navorsing het wel telkens getoon dat die kinderbeskermingssektor 'n krisis beleef vanweë die tekort aan voldoende personeel en gebrek aan bronne, wat die lewering van doeltreffende dienste onmoontlik maak. In sommige provinsies is daar byvoorbeeld 'n tekort aan voertuie, wat beteken dat kinders wat beskerming benodig en hul ouers nie besoek kan word nie.

Dit lei daartoe dat kinders se grondwetlike reg tot maatskaplike dienste nie doeltreffend in stand gehou word nie.

Die opvoeding van kinders, ouers en gemeenskappe oor wat kinders se regte is, is 'n belangrike stap om bewuswording te bevorder. Ons weet ook dat kennis oor enige onderwerp nie noodwendig lei tot die praktiese toepassing daarvan nie. Sels al het alle kinders 'n goeie begrip oor wat hul regte is, sal dit nie verseker dat dit gehandhaaf word nie. Daarom behoort die regte van kinders sentraal te staan in enige besluite wat politici oor kinders neem. Verder behoort strukture wat deur die staat ingestel is om kinders te beskerm deurlopend en noukeurig gemonitor te word om seker te maak dit funksioneer doeltreffend.

Indien die owerhede nie die regte van ons kinders daadwerklik bevorder en beskerm nie, sal bewusmaking oor kinderregte net dié blote bewusmaking.

■ Prof. Strydom is 'n dosent in die departement maatskaplike werk van die Universiteit Stellenbosch.



This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

